

3 September

Skrifgedeelte: 1 Konings 6:1-7:12

Fokusgedeelte: 1 Konings 6:7

God werk kragtig, maar in stilte

Die seun van vrede, Salomo, bou uiteindelik die tempel. Duisende Israëliete werk om die boumateriaal gereed te kry. Daar is 'n groot gewerskaf – maar onopsigtelik. Gewoonlik is daar groot geraas op 'n bouperseel, maar op die plek waar die tempel gebou word, is daar 'n lewendige stilte. Ysterwerktuie is menswerktuie. As jy lawaai maak, trek jy aandag. As daar by die tempel lawaai word, word daar na die mense gekyk – na die bouers. Uiteindelik word gesê: Kyk wat het die mens gedoen! God gebruik inderdaad mense, maar die mens gebruik klip, hout en goud wat Hy, die Skepper, daargestel het. God se kerk is en bly sy werk. Hy maak mense. Hy gee wedergeboorte, Hy roep en maak bymekaar. Hy gee gawes. Daarom, as ons saam is in die erediens, gaan dit ook oor Hom, sy Woord en sy eer en is daar nie 'n lawaai wat die aandag op ons vestig nie. Satan se werk is lawaaiërig: geweerskote, ongelukke, oorlog, ensovoorts. Sy werktuie maak seer en maak dood. Sy skerpste, hardste instrument waarmee hy doodgemaak het, was die kruis wat Christus moes doodmaak. Daarbuite in die wêreld is baie lawaai, maar in die kerk werk die Gees van God in stilte (Joh 3:8). Ons moet versigtig wees dat ons nie vuurwerke en sensasionele dinge in die kerk soek nie. As Satan lawaai, moet ons nie probeer terug lawaai op 'n “kerklike” manier nie. God gee nie skouspele nie. Hy werk kragtig, maar in stilte in die harte van mense en eendag sal die volle heerlijkheid van sy werke te voorskyn kom.

Sing: Psalm 9:7,10

Ds PH Fick (Komatipoort)